
# **Departement Afrikaans**, Universiteit van Pretoria


Die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria het in 2018 bestaan uit die volgende permanente personeellede: die administrateur Tercia Klopper; die letterkundiges Bibi Burger, Willie Burger, Jacomien van Niekerk en Hein Willemse, en die taalkundiges Nerina Bosman, Joanine Nel en Suléne Pilon. Martina Vitackova is ’n postdoktorale genoot. Annamarie Fourie, Heinrich Ohlhoff, Natasja Schellaars, Elda van der Merwe, Linette van der Merwe en Dawita van der Walt het diens gedoen as tydelike personeellede terwyl Ruan Coetzer, Shawna-Leze Meiring en Delia Rabie werksaam was as tutors.





*Die wêreld van die storie* deur Willie Burger verskyn vroeg in 2018 by Van Schaik Uitgewers – ’n welkome en nuttige teks vir navorsers, studente en algemene lesers. Hein Willemse is die redakteur van Hostel. *Autobiogaphical Narratives of the 1975–1980 University of the Western Cape Student Generation,* waarin hy self verskeie hoofstukke skryf. Hy is ook die redakteur van Achmat Davids se *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems*, ’n verwerking en vertaling van ’n 2011-Engelse publikasie. ’n Vertaling van ’n vroeëre artikel van hom word in vertaalde vorm in *Multilingual Margins (A Journal of Multilingualism from the Periphery* opgeneem. Verder skryf hy die voorwoord tot Isidore Diala se monografie, en dra hy ’n hoofstuk oor die verstoke geskiedenisse van Afrikaans by tot die MISTRA-publikasie *Whiteness, Afrikaans and Afrikaners: Addressing Post-Apartheid Legacies, Privileges and Burdens*. Aspekte van laasgenoemde artikel is goedkeurend aangehaal in die minderheidsuitspraak van regter Froneman in *AfriForum and Another v University of the Free State* [2017] ZACC 48 wat in die Grondwethof gedien het.




Hein Willemse en Martina Vitackova publiseer artikels in ’n temanommer van *Tydskrif vir Letterkunde* wat gebaseer is op kongresreferate wat tydens die viering van *Tydskrif vir*




*Letterkunde* se tagtigste bestaansjaar gelewer is. ’n Spesiale uitgawe van *Tydskrif vir Letterkunde* verskyn ook in 2018 met die titel “Dogs in southern African literatures”. Die publikasie is ook as boek deur Van Schaik Uitgewers uitgegee. Jacomien van Niekerk en Bibi Burger publiseer bydraes in dié uitgawe. Nerina Bosman, skryf saam met Jan Stander (wat inmiddels oorlede is) ’n artikel oor regsaspekte van die Middelnederlandse *Vanden vos Reynaerde* wat in *Litnet Akademies* verskyn.

Ons akademici was taamlik bedrywig met die lewer van voordragte tydens konferensies, kongresse en ander openbare geleenthede: Nerina Bosman het saam met Wannie Carstens en Steward Van Wyk gepraat oor "Afrikaans en de neerlandistiek in beweging: diverse contacten en perspectieven” tydens die Internationale Vereniging voor Neerlandistiek Colloquium (Leuven, België, 27–31 Augustus 2018); met Angelique van Niekerk het sy by dieselfde kongres ’n voordrag gelewer oor "Aanlijn cursus Nederlands als vreemde taal". Nerina en Elsabé Taljard het in Kaapstad tydens die Internasionale Linguistekongres (2– 6 Julie 2018) verslag gelewer oor "Corpus-based methods in metaphor research: challenges and techniques for lesser resourced languages". Suléne Pilon het by dieselfde kongres gepraat oor “The origin of the variant Afrikaans passive past tense lingueme”. Joanine Nel het ’n voordrag voor die Internasionale Linguiste-kongres gelewer: “Comprehension and production of *wh*-questions as later developing phenomena in low socio-economic status Afrikaans and isiXhosa first language acquisition”. Sy het ook ’n voordrag gelewer tydens die World Literacy Summit in Oxford, Verenigde Koninkryk: “Literacy development based on the acquisition of articles and anaphora in isiXhosa L1 learners with English as LOLT.”

Bibi Burger het twee voordragte gelewer: “Haunted houses and gendered crime in *The Cutting Room* (2013) by Mary Watson” by die konferensie *Thetha Sizwe*: Intersections, practices and identities – Rethinking Gender in African Languages and Literature (Universiteit van Pretoria, 5 April 2018); en “‘Our respect for water is what you have termed fear’: the ocean in the poetry of Ronelda S. Kamfer and Koleka Putuma” by die kollokwium “Nautical metaphors in Film, Language, Literature, Art and Music” (Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth, 21 Junie 2018). Tydens die toekenning van die UJ-prys het sy die commendatio gelewer vir S.J. Naude

se *Die derde spel*. Hein Willemse het voordragte in die tweede semester gelewer tydens die Patrick J. Petersen-herdenkingsfees, die Jakes Gerwel-huldiging en die bekendstelling van Achmat Davids se *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems*. Willie Burger het voordragte gelewer oor onderskeidelik die werk van John Miles en Etienne van Heerden by die kongres van die Afrikaanse letterkundevereniging en die tweede Etienne van Heerden-veldsoirée in September 2018. Hy het ook 'n referaat gelewer tydens die Ontlaering-kollokwium.

Willie Burger skryf resensies, oorsigartikels en onderhoude met skrywers wat weekliks in die tydskrif *Vrouekeur* verskyn. Hy ontvang daarvoor 'n nominasie vir die Kyknet/Rapport-prys vir beste koerantresensent. In 2018 word daar ook gereeld 'n gesprek oor boeke met hom gevoer op die Kyknet-televisieprogram, *Die Groot Ontbyt*. Hy skryf voorts 'n essay oor die Hoëveld vir die nuwe e-tydskrif Voertaal. In dieselfde tydskrif lewer Hein Willemse verslag oor sy besoek aan Kuba en sy kranslegging by die graf van die Suid-Afrikaanse skrywer, Alex la Guma. Hy skryf ook 'n huldeblyk vir die geskiedskrywer en voormalige rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland, Richard van de Ross in *Tydskrif vir Letterkunde*. Bibi Burger publiseer in 2018 boekresensies in akademiese tydskrifte, Litnet en dagblaaie. Hein Willemse voer 'n verskeidenheid onderhoude op verskeie radiostasies, onder meer RSG, Radio 702, Voice of the Cape en Radio 786 oor die verskynsel van Arabiese Afrikaanse geskrifte in die 19de eeu, terwyl 'n televisieprofiel oor hom gebeeldsend is.







Suléne Pilon is verkies tot die ondervoorsitter van die Afrikaanse Taalkommissie en sy het meegewerk aan die "Taalspeletjies"-program tydens die 2018-Woordfees en was as teksversorger en inhoudskontroleerder betrokke by die Kyknet TV-speletjiereeks *Op die Spel* (uitgesaai: Januarie tot April 2018) en as 'n beoordelaar by die streeks- en einderondtes ATKV-Spelathon. Sy het in Augustus 2018 as kundige deelgeneem aan die "Taaldinge"-program van RSG. Bibi Burger is die ondervoorsitter van die Internasionale Vereniging vir Afrikaans (IVA) en Jacomien van Niekerk is die tesourier van die International Society for the

Oral Literatures of Africa (ISOLA). Sy is ook vanaf 2017 die redakteur van *Tydskrif vir Letterkunde -- 'n Tydskrif vir Afrikaletterkunde* wat sedert 2003 in die departement gehuisves word en op die ISI-lys van geakkrediteerde tydskrifte verskyn. Die tydskrif is deel van 'n paar tydskrifte met oop toegang ("open access") wat deur die Academy of Sciences of Southern Africa (ASSAf) ondersteun word. Dit verskyn sedert 2018 slegs elektronies.

Die volgende nagraadse studente voltooi in 2018 hul proefskrifte en verhandelings: B. Loretta Ikome (doktorsgraad in Linguistiek o.l.v. Nerina Bosman; Anoeschka van Meck (doktorsgraad in Kreatiewe Skryfkuns o.l.v. Hein Willemse), Shawna-Leze Meiring (M.A. Afrikaans, o.l.v. Willie Burger) en Monja Basson (gedoseerde M.A. Afrikaans, o.l.v. Jacomien van Niekerk).




Bibi Burger organiseer in Oktober 2018 (saam met Wemar Strydom van NWU en Mathilda Smit van UVS) die kollokwium "Ontlaering" waartydens daar in verskillende sessies besin is oor die onderrig van Afrikaanse letterkunde op skool- en universiteitsvlak en hoe dit herverbeel kan word. Dit is 'n projek wat nog in 2019 en 2020 voortduur. In September 2018 is die Departement se jaarlikse Lenteseminaar, gemik op die byskoling van Afrikaanse onderwysers onder leiding van Tercia Klopper, Suléne Pilon en Linette van der Merwe, 'n deeltydse dosent gehou.



In Augustus 2018 het ons met leedwese kennis geneem van die heengaan van Christo van Rensburg (1938–2018), 'n voormalige departementshoof wat reeds van 1956 as eerstejaarstudent by die Departement Afrikaans betrokke was. Die Departement het op gepaste wyse hulde gebring aan 'n meelewende vriend, kollega, boomliefhebber en baanbreker-taalkundige.

Jacomien van Niekerk
Jacomien.vanniekerk@up.ac.za